# LEIERSKAP OPLEIDING

# SPANWERK

## *DIE WAARDE VAN 'N SPAN*

### ***DIE OPVATTING DAT EEN PERSOON IETS GROOTS KAN BEREIK IS 'N MITE***

Dit maak nie saak tot watter mate ons soloprestasies bewonder nie, die waarheid is dat geen alleenloper nog ooit iets van waarde bereik het nie (*daar is nie werklik "Rambo's" en "Lone Rangers" nie*).

> *"Agter 'n bekwame man is daar altyd ander bekwame manne" – Chinese uitdrukking*

Die waarheid is dat spanwerk die kern van groot __PRESTASIE__ is.

> *Een is te min om grootheid te verwerf.*

Jy kan niks wat werklik van waarde is, _____ALLEEN__ doen nie.

## *VOORDELE VAN 'N SPAN*

1. Spanne betrek meer mense dus meer __HULPBRONNE_, _IDEES_ en _ENERGIE_ as in die geval van 'n individu.
2. Spanne laat 'n leier se potensiaal _VERHOOG_ en sy swakhede __VERMINDER___________. Sterk en swak punte is meer sigbaar by 'n individu.
3. Spanne deel die _KREDIET_ vir oorwinnings sowel as die _BLAAM_ vir mislukkings. Dit kweek opregte nederigheid en egte samewerking.
4. Spanne kan meer doen as 'n _INDIVIDU_.

   As jy jou potensiaal of die skynbaar onmoontlike wil bereik, soos om jou boodskap tweeduisend jaar nadat jy reeds weg is oor te dra, moet jy 'n spanspeler word.

> *Individu speel die spel, maar spanne wen die kampioenskappe.*

> *Spanwerk begin eers wanneer 'n mens konsentreer op "ons" in plaas van "ek".*

**_SPAN VERNIETIGERS_**

## 1. _VERKEERDE GESINDHEID_

> *"Goeie gesindhede onder spellers waarborg nie 'n span se sukses nie, maar verkeerde gesindhede waarborg sy mislukking".*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vermoë | + | Houding | = | _RESULTATE__ |
| Baie talent | + | Negatief | = | _SLEGTE SPAN___ |
| Baie talent | + | Swak | = | _GEMIDDELDE SPAN___ |
| Baie talent | + | Gemiddelde | = | _GOEIE SPAN__ |
| Baie talent | + | Positief | = | _TOP SPAN__ |

**As jy puik resultate wil hê, het jy goeie mense met groot talent en indrukwekkende gesindhede nodig. Wanneer gesindhede agteruitgaan, verswak die potensiaal van die span.**

Voorbeelde van verkeerde gesindhede

- Negatief
- Pessimisties
- Hoogmoedig
- Minderwaardig
- Aggressie
- Selfsugtig
- Kritiese gesindheid

> *Swak gesindheid vermenigvuldig vinniger as goeie gesindheid.*

> *"Daar is slegs een ding wat meer aansteeklik is as 'n goeie gesindheid en dit is 'n swak gesindheid".*

## 2. _EIESINNIGHEID_

'n Eiesinnige persoon is iemand wat altyd 'n saak op sy _MANIER_ wil deurvoer, sy _WIL_ wil hê, en nie wil _TOEGEE__ vir die belange van die groep nie.

## *3. VEGTERS*

Met woorde te veg.  Om oor sake te twis en te veg.  Soveel mense is gelukkig as hulle hul sê kan sê oor 'n saak en so 'n groot vete ontketen.

## *4. STRYDLUSTIGHEID*

Die kenmerk van 'n strydlustige persoon is dat, indien sake hom nie geval nie, bied hy altyd _TEENKANTING_.  Hy wil altyd _STRY_, _DEBATTEER_ en _KOMPETEER_ met ander persone.

Hy is _ONBUIGBAAR_ en as iets nie volgens sy begeertes plaasvind nie, mag dit hoegenaamd nie plaasvind nie.

Waar hierdie gesindheid bestaan, kan daar nooit eenheid wees nie en is _VOORUITGANG_ en _SAMEWERKING___ onmoontlik.

# My verantwoordelikheid as LEIER

1. LOJAAL___ teenoor God
2. LOJAAL__ teenoor Kerk – Naam
3. LOJAAL__ teenoor medegelowige
4. LOJAAL__ teenoor jou leier
5. ONDERDANIGE GEES____
   Iemand wat gesag uitoefen moet self onder gesag staan (Lukas 7:7-8)
6. GETROU___
   Getrouheid in die klein dingetjies is noodsaaklik voordat ek getrou kan wees in groot dinge.
   - Diensbywoning
   - Tiende
   - Getrou aan God
   - Getrou aan jou bediening
7. DISSIPEL__ wees:
   - Dissipline
   - Student
   - Honger wees om te leer, himself toe te rus.
8. DIENSKNEG___ wees:

### 8.1 EIENSKAPPE VAN 'N DIENSKNEG

8.1.1 Plaas ander voor sy eie agenda

Dit beteken om doelbewus van ander se behoeftes bewus te wees, beskikbaar te wees om hulle te help en in staat om hul wens as belangrik te aanvaar.

8.1.2 Besit die selfvertroue om te dien

Die ware kern van dienswilligheid is sekuriteit. Wys my iemand wat dink hy is te belangrik om te dien, en ek sal jou iemand wys wat baie onseker van himself is.

Hoe ons ander behandel is in werklikheid ‘n refleksie vna hoe ons oor onsself dink.

8.1.3 Is nie op posisie ingestel nie

Leiers wat dien fokus nie op rang of posisie nie.

8.1.4 Inisieer diens aan ander

Groot leiers sien die behoefte, gryp die geleentheid aan en dien sonder om enigiets terug te verwag.

8.1.5 Dien uit liefde

Dienswilligheid word nie deur manipulasie of selfbevordering gemotiveer nie. Dit word deur liefde gedryf.

## 8.2 HOE OM ‘N DIENAAR TE WORD

8.2.1 Doen klein dade

Gaan doelbewus uit jou pad om ‘n goeie daad vir iemand te doen.

8.2.2 Leer om stadig deur die skare te stap

8.2.3 Gaan tot aksie oor